

Elite in 2020

Medihelp het vir 2020 daarop gefokus om die volhoubaarheid van Elite te verseker deur verantwoordelike prysingsbeginsels toe te pas. Die omvattende voordele van die opsie bly onveranderd, met voordelebedrae wat met gemiddeld 5,4% verhoog.

Jou voordele in 2020 en die prosesse wat jy moet volg om dit te gebruik, word volledig in die Elite-gids bespreek. Klik op die skakel om die gids te lees of af te laai.

[Elite-ledegids](#)

Nuut in 2020

Die intervalle van sorg vir die volgende **bykomende versekerde voordele vir vroue** (beskikbaar bo en behalwe die dag-tot-dag-voordele) is aangepas met die nuutste tendense in kliniese praktyk:

Papsmeer	1 per bevoordeelde per 3-jaarvoordelesiklus (die siklus begin in 2020)
Mammogram	1 per bevoordeelde 40 jaar en ouer per 2-jaarvoordelesiklus (die siklus begin in 2020)




Die voordeel vir **nie-VMV-onkologie** word verhoog met 33,3% tot R400 000 per gesin per jaar.

Ledegeld in 2020

Die aanpassing van Elite se ledegeld is beïnvloed deur die gesondheidsprofiel van sy lede, veranderings in die gebruikmaking van dienste, die groter beskikbaarheid van gesondheidsorgdienste weens 'n toename in die getal hospitale, vooruitgang in mediese prosedures en tegnologie, asook stygings in tariewe.

Die maandelikse ledegeld vanaf 1 Januarie 2020 verskyn hier onder. Onthou dat jy steeds die ledegeld vir kinderafhanklikes vir jou kinders betaal totdat hulle 26 jaar oud word:

Maandelikse ledegeld

Hoofflid		R5 304	Werkgewersbydrae is nie by die maandelikse ledegeld ingereken nie
Afhanklike		R4 956	
Kinderafhanklike <26 jaar		R1 440	

Netwerkverskaffers

Aangewese diensverskaffers sal in 2020 onveranderd bly, waar van toepassing (sien bladsy 31 van jou gids). Dit is raadsaam om hierdie verskaffers te gebruik om onnodige uitgawes te vermy.

Spesialiste

Die netwerk van genomineerde spesialiste vir VMV-dienste en die gekontrakteerde netwerk van chirurgie met wie tariewe vir VMV- en nie-VMV-dienste onderhandel is, word gereeld bygewerk en is op die Member Zone beskikbaar onder "Netwerkverskaffers".

Noodvervoerdienste


Netcare 911 is die aangewese diensverskaffer van nood mediese vervoer in 2020. Skakel hulle by **082 911** om voorafgoedkeuring vir noodvervoer te kry.

Diens en ondersteuning in 2020

- Op die [Member Zone](#) (beveiligde webblad vir lede) kan jy inligting kry met net 'n klik of twee. Jy kan jou belastingsertifikate aflaai, beskikbare voordele sien, eisestate lees, besonderhede bywerk en goedkeuringsversoeke vir hospitalisasie aanlyn rig.
- Medihelp se app vir lede het funksies soos toegang tot 'n e-lidmaatskapkaart, soek vir 'n netwerkverskaffer en inligting oor jou beskikbare voordele.
- Die nuutste élan-tydskrif met artikels oor onderwerpe soos 'n gesonde swangerskap en bringesondheid is beskikbaar op die [HealthPrint-webtuiste](#) vir jou leesgenot.

Indien jy oorweeg om vanaf 1 Januarie 2020 na 'n ander voordele-opsie te verwissel, moet jy ons asseblief laat weet via die [Member Zone](#) of per e-pos na membership@medihelp.co.za teen Maandag, 16 Desember 2019 op die laatste. Na hierdie datum sal geen verwisseling van voordele-opsie aanvaar word nie. Indien jy Medihelp graag wil skakel om te verwissel, moet jy dit asseblief voor Vrydag, 13 Desember 2019 om 16:00 by 086 0100 678 doen om genoeg tyd vir die verwerking van die verwisseling toe te laat.

Vriendelike groete



HEYN VAN ROOYEN
HOOFBEAMPTE